Hoofstraat 258 Main Street, PAARL, 7646
Posbus PO Box 163, PAARL, 7620
SAPPA
Tel: (021) 870 2900 • Fax: (021) 870 2915
E-mail: sappa@hortgro.co.za Web: www.sappa.za.org
South African Pecan Nut Producers Association NPC
Suid-Afrikaanse Pekanneut Produsente Assosiasie NPC
Reg. No 2015/063822/08

**Notule van die Algemene Jaarvergadering gehou op Vrydag 21 Oktober 2022 by**

**The Venue, Hartswater**

**Opening**

Ds. Renier Lourens open die Algemene Jaarvergadering 2022 met skriflesing en gebed.

**Verwelkoming**

Jannie Smit, Streek 8 direkteur en organiseerder van hierdie jaarvergadering heet almal welkom. Hy bedank die SAPPA personeel, the Venue vir hulle fasiliteite, uitstallers en sprekers asook elke produsent en belanghebbende teenwoordig by die 2022 SAPPA Algemene jaarvergadering.

Hy stel Ivan Otto, SAPPA Voorsitter aan die woord met die direkteursverslag vir 2022.

**Direkteursverslag**

Daar is reuse uitdagings in meeste bedrywe en ook spesifiek landbou bedrywe en vir geen oomblik sê ek dat daar nie in ons bedryf uitdagings is nie, maar nietemin.

**Bederfbaarheid:** As jy bloot kyk na die aard van ons produk: Hoë waarde, maklik vervoerbaar, nie-bederfbaar of nie maklik bederfbaar nie, het dit, met uitdagings in pad infrastruktuur en hawens, reeds bepaade voordele.

Wat **produksie** betref:

Hierdie jaar is daar meer as 31 000 ton neute geproduseer, wat ‘n toename van 61% ten opsigte van die vorige seisoen en 45% teenoor die een daarvoor was. Dit gesê, neem net in ag dat hierdie was ‘n besonderse aan jaar met gunstige omstandighede en verlede jaar was dit die teenoorgestelde.

Verder met in ag genome **historiese aanplantings** syfers is die pekan bedryf in ‘n definitiewe groeifase, waar die piek van boomverkope in 2017, 580 000 was en daarna begin afneem het.

Heelwat **kwekerye** het die afgelope jaar hulle laaste bome verkoop en die totale boom verkope het aansienlik afgeneem, veral hierdie huidige jaar.

Nie alleenlik was daar toename in volumes nie, maar ook in pryse met om en by 15% -20% gemiddelde toename in prys oor die verskillende neut groottes, in hoë kern neute en nog meer by lae kern.

Met hierdie toename in produksie, skep dit ook weer die geleentheid aan SAPPA deur statutêre heffings om toenemend by marknavorsing en ontwikkeling betrokke te wees.

Die **belangrikheid van statutêre heffings**, kan nie oorbeklemtoon word, vir sukses tot ons bedryf nie.

Sonder die nodige fondse is navorsing en ontwikkeling van die bedryf, nie moontlik nie.

As ons na die **Finansies** van SAPPA kyk, waar van n konserwatiewe begroting van 24 600 ton, in die huidige finansiële jaar, na ‘n realisasie van net oor die 31 000 ton gegaan is, is daar fondse beskikbaar en die geleentheid deur pro-aktiewe optrede om ons te verskans teen risiko’s betrokke deurdat 95% indop neute wat China toe gaan.

**SAPPA** is ook nou in die proses om n Hoofbestuurder te werf, wat ons visie sal deel om die bedryf vorentoe te vat.

Sy hooffokus sal wees om betrokke te wees by markontwikkeling, met die doel van volhoubaarheid.

Dit gesê, bly produksienavorsing en die verspreiding van tegniese inligting en kennis belangrike aktiwiteite.

Nou wil ek byvoorbaat sê die **verwagting vir die komende oes seisoen**, met baie hoë temperature in die vroeë stadiums van bestuiwing en neutvorming en ook die effek van beurtkrag, waar die oorgrote meerderheid van produsente afhanklik is van elektrisiteit vir besproeiing en dat volgende seisoen weer 'n af jaar gaan wees is daar moontlike komplikasies in produksie vooruitsigte, alhoewel seker nog 'n groei in totale produksie sal wees.

Daar word reeds waargeneem dat daar afspeen van neute plaasvind in sekere areas.

SAPPA is toenemend besig om uitdagings vir die bedryf te indentifiseer en stappe in plek te kry om vinnig en effektiewe optrede te bewerkstellig. Soms word mens deur omstandighede buite jou beheer gedwing om krisisbestuur te doen, soos wat die aanvanklike geval was met die instel van MRL'e net voor die aanvang van die 2021 oes seisoen.

- Hierdie afgelope oes seisoen het ons dokumentasie vir aantekening van oes beskermingsmiddels aan verwerkers in plek gehad
- Prosedures in plek vir wanneer MRL'e oorskry word
- Is ook besig om lyste van geregistreerde middels deur DOH/DVG en DALRRD in plek te kry

Ons kan ook sê dat daar tot dusver nog geen voorvalle was van oorskrydings nie.

Nuusbriewe wat maandeliks uitgestuur word en kommunikasie kanale wat toenemend verbeter, met meer akkurate tydsame inligting is ook nou makliker deur die aanstel van 'n baie bekwame inligtingsbeampte.

**Navorsing**

Detail terugvoer van navorsing word op die webtuiste, SA Pekan en ook met ander geleenthede gegee en ek wil net 'n oorsig gee waarmee ons huidiglik besig is.

**Vrystaat Universiteit** met siekte navorsing, toets van geregistreerde en nie geregistreerde fungisiedes teen 'n reeks van swamme om effektiwiteit op pekans te bepaal, gaan ook gepaard met streeksbesoeke.

**Insekmoniterings projek** in verskillende areas en die ontwikkeling van biologiese insek en swamdoders, neut afspeen opnames om te bepaal wat word aan bolwurm en wat aan fisiologiese redes toegeskryf. Sowel as die toets van endofitiese swamme.

-**Paklobitrasol projek** met hoofdoel om naspeurbaarheid van MRL'e te toets en ook verder te kyk na loot groei beperking en effek op kwaliteit en opbrengs van neute

-**Waternavorsings projek** en ons sien uit na terugvoer van Dr. Nicky Taylor.

-**Afspeen projek** wat ten doel het om redes vir abnormale afspeen veroorsaak en ons sien ook uit na terugvoer van Dr. Angelique Kritzinger in die verband.

-**PSHB** of deesdae bekend as **Invasive shot hole borer** wat nog toenemend gemonitor word en vordering met beperking van skade met goeie boordbestuurs praktyke.

**-Ook is kultivar evaluasies** van nuwe proefaanplantings en ook saailing evaluasies iets wat deurlopend aandag geniet, sowel as stuifmeelwaarnemings.

**Transformation**

The three key pillars of the transformation committee are:

1)**Enterprise development,** with 58 beneficiaries in the 2022 planting season, in nine provinces. Not only providing trees but also production inputs, planting of trees etc. and up to date more than 20 000 trees has been provided.

2)**Skills development,** funding M.Sc students and providing bursaries to students at agricultural colleges including, through mentorship, educate and supporting beneficiaries.

3)**Socio economic development**, supporting schools and community organizations who own agricultural land to establish orchards.

There is also monitoring processes in place to update the board, getting feedback from mentors and beneficiaries to limit failing projects and to establish commercially successful orchards.

**Bemarking**

Die bemarkingskomitee het nou al 'n paar positiewe resultate bewerkstellig.

D**ie samewerking** van verwerkers vir die insameling van betroubare produksie en verwerkings inligting op anonieme basis het momentum gekry. Hierdie kan nou tot voordeel van die bedryf gebruik word om mededingendheid op internasionale basis te bewerkstellig. Tydens laasjaar se AJV is daar gesê hoe produsente moet help druk uitoefen om samewerking te bewillig en ek moet sê dit het begin vrugte afwerp.

Dankie ook aan al die verwerkers wat deelgeneem het met die deel van plaaslike verwerkers- en produksie inligting waarby die hele bedryf kon baat. Al die rolspelers in die bedryf is interafhanklik van mekaar en goeie samewerking dra by tot sukses.

**Diversifikasie** van markte en/of ontwikkeling van alternatiewe markte

Tydens 'n virtuele ontmoeting met John Giles van Promar wat vir ons 'n mark verslag uitgebring het, is die verslag bespreek, waarin alternatiewe markte geidentifiseer, geassesseer en geprioritiseer is. Daar is gebruik gemaak van 26 matrikse of maatstawwe wat 28 lande geprioritiseer het in potensiële mark geleenthede.

Dankie ook vir John Giles se aanbiedeing van die verslag later tydens die AJV.

Wat wel daaruit gekom het is die vraag of die beperkte fondse vir die ontwikkeling gefokus mort wees op die ontwikkeling van ons premie mark China, óf gaan ons daarna kyk om alternatiewe markte te ontwikkel.

Ons is maar nog in die beginstadiums van navorsing en ontwikkeling maar daar is 'n gevoel dat ons dalk eerder die omvang van die risiko moet bepaal gegewe die feit dat 95% van ons neute indop China toe gaan. Uit 'n bemarkingsoogpunt is ek seker almal verstaan dat daar risiko aan verbonde is om hoofsaaklik een mark te bedien.

Wat gebeur het in die Makadamia bedryf hierdie seisoen, met China wat sy eie produksie van makadamias drasties verhoog het, is daar definitiewe gevaarligte wat vir ons bedryf aangaan. Hoe ons voorsiening hiervoor gaan maak, glo ek, sal ons in hierdie nuwe fase van hoër produksie tot voordeel van die hele bedryf strek.

Dankie en alle voorspoed met die volgende oes seisoen.

**Teenwoordigheidsregister en Verskonings**

Die teenwoordigheidsregister word gesirkuleer en verskoning word aangeteken vir die volgende persone.

Hendrik Jooste, Cor Boer, Hugo Meier, Leon van der Westhuizen, Harriet Hofsink, Alan Whyte, Bill Smith, Piet Botma, Chris Roux en Bob Roux.

**Vasstelling van die Agenda**

Streeksvergaderings word as punt by die agenda gevoeg.

**Goedkeuring van 2021 Notule**

Die notule van die Algemene Jaarvergadering gehou op 5 November 2021 te Upington, word goedgekeur.

Herlu Smith stel voor en Philip Antrobus sekondeer.

**Verkiesing van Direkteure**

**Streek**

- Streek 4 – Ernie Steinberg (huidige direkteur)
- Streek 5 – Philip Antrobus (huidige direkteur)
- Streek 8 – Jannie Smit (huidige direkteur)
- Streek 7 – Daniel Bouwer (Genomineer deur Streek 7)

**Gekoöpteer**

- Navorsing – Alvin Archer (genomineer deur raad)
- Marktoegang – Bob Roux (genomineer deur raad)
- Transformasie – Dumisani Ndebele (genomineer deur raad)
- Markontwikkeling – David van der Merwe (genomineer deur raad)

John Annandale stel voor en Hardus du Toit sekondeer.

**Aanstelling van Ouditeur**

Daar word voorgestel dat daar weer van Riaan Broodryk, Broodryk Kotze Inc se dienste gebruik gemaak gaan word as ouditeure.

Ernie Steinberg stel voor en Dries Duvenhage sekondeer.

**Finansies**

André Coetzee lê die finansiële syfers voor.

**Begroting en Vooruitskatting**

Die verskil tussen Statutêre en nie-statutêre fondse asook die bestuur daarvan word bespreek. Die invordering van heffings verloop glad en goeie samewerking word van verwerkers verkry.

COVID het gemaak dat sommige fondse nie bestee is soos beplan nie.

Markontwikkeling sal toenemend meer fondse vereis en sal ook die hooffokus van die nuwe Hoofbestuurder wees.

Dit word goedgekeur dat die vooruitskatting vir 2023/2024 gebruik word as riglyn vir dié jaar se begroting. Voorgestel deur Rapie Visser en gesekondeer deur Hannes Kruger.

**SAPPA Bemarkingsvideo**

Die SAPPA bemarkingsvideo word aan die vergadering gewys.

**Beraamde groei en vooruitskatting**

Die twee grootste uitdagings met die bepaling van beraamde groei en vooruitskatting is dat dit 'n uitdaging is om produksie oor die volgende paar jaar te bepaal en om kostes te koppel aan markontwikkeling.

The solution to this challenge is to take a conservative view on the production for the coming seasons and apply for approval of realistic levies.

A suggestion was made that changing of the financial year for SAPPA can provide a possible solution to budgeting challenges.

**Application for extension of Statutory measures March 2024 to Feb 2028**

The meeting agrees that SAPPA should continue with the application for the extension of Statutory measures.

Lourens Maass proposes and Ben Visser seconds.

The following levies are proposed to the meeting:

| | **2024** | **2025** | **2026** | **2027** |
|---|---|---|---|---|
| **In Shell** | **42c/kg** | **44c/kg** | **46c/kg** | **48c/kg** |
| **Kernel** | **84c/kg** | **88c/kg** | **92c/kg** | **96c/kg** |

Ben Visser proposes and Heiko Meier seconds.

The alternative of keeping levies on current levels will be investigated and discussed with members at regional meetings.

**Max du Preez gesels oor die politiek van die dag.**

**Dr. Elsjé Joubert gee terugvoering oor Cultar navorsing.**

**Demonstrasies vind by verskillende stalletjies plaas.**

**Saturday, 22 October 2022**

**John Giles gave feedback via Zoom on Prioritisation study done by Promar and gave wider thoughts on international markets and developments.**

**Christo van der Rheede gave insights of the work done by AgriSA.**

**Dr. Nicky Taylor gave feedback on Water use research.**

**Dr. Angelique Kritzinger gave feedback on Pollination/ Fruit drop project.**

**Algemeen**

**Streeksvergaderings**

Hanru Pienaar motiveer die belangrikheid van streeksvergaderings en verwelkom Daniel Bouwer as direkteur vir Streek 7.

**Afsluiting**

Ivan Otto
Voorsitter

Andriette de Jager
Sekretaresse

**Lys van borge en uitstallers**

**Uitstallers**
Agriplas
Agristar
Andermatt
Arbor supply
Cropsecure
Elite Imports
Hooiland
LR Trekkerdienste
Nutlink
Pieterse Sweiswerke
Spilo
Tomcat chippers
Vaalharts Agri
Villa

**Borge van etes en verversings**
Bester Fruit and Nuts
Pekanhoek
Senwes